Jaargang 12 Nuusbrief 28 27 Oktober 2011

FlorrieFokus

Posbus 500, Florida Hills 1716
E-pos: florries@iafrica.com
Webwerf: www.florries.co.za

Tel: 011 672 5345 / 6
Faks: 011 672 5246
H/v Louis Botha en Havingastraat

PnA Colour your World... WIMPY ENJOY EVERY MOMENT action UNIVERSITY OF JOHANNESBURG Accountancy@UJ

Geagte Ouers / Voogde en Florries

Die opwinding van die Rugby-Wêreldbeker is nou verby. Nou moet die Leeus Saterdag, net soos die All Blacks, 'n lang droogte breek!

BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2012
Die nuwe Beheerliggaam word DV in Maart 2012 verkies. Ouers wat belangstel, kan gerus navraag doen. Andersins moet u uself net volgende jaar verkiesbaar stel. Die Beheerliggaam word vir 'n tydperk van 3 jaar gekies.

VAKVERANDERINGS 2012
Enige versoeke, veral vakveranderings, met die oog op die rooster van 2012, moet ingedien word voor 4 November 2011. Dit is net soveel makliker as om volgende jaar te skarrel met versoeke – dit is dan wanneer die rooster skeefgetrek word.

SENTE-PROJEK
Baie dankie vir die mooi reaksie tot dusvêr. Vrydag, 28 Oktober 2011, is die sluitingsdatum van hierdie projek. Probeer tog die R30 bymekaar skraap, dit sal geweldig waardeer word.

REGISTRASIE 2012
Ek doen weer 'n beroep op al ons ouers om betyds te reageer op die herregistrasie vir 2012. Dankie vir dié wat reeds die vorms ingedien het. Ek doen ook 'n beroep op u om te begroot vir die eerste paaiement van 2012. Uitstaande reëlings met betrekking tot 2011 moet tog dringend nagekom word.

TOP 20-ATLETIEK
Baie geluk aan ons atlete wat aan hierdie byeenkoms in Naboomspruit deelgeneem het (sien uitslae elders). Daar is talle puik prestasies behaal, met Justin Bhana die beste. Hy word aangewys as die beste naelloper. Die seuns eindig algeheel 13de en die dogters algeheel 24ste (daar het 42 spanne deelgeneem). Baie dankie aan die

afrigters, spanbestuurders en ander personeel betrokke.

Dit is verblydend om te sien dat 'n groot aantal van ons atlete reeds aan die oefen is. Dit is baie positief en voorspel 'n goeie nuwe seisoen.

PRESTASIES
Hendré Saayman (gr. 9) het vanjaar reeds twee keer goud in SA-Kompetisies in stoei behaal. Hierdie prestasie het hy behaal in die Grieks-Romeinse SA's as O/15 en later in die Vrystyl as O/17. Baie geluk, Hendré!

HARTSEERNUUS
Ons het met leedwese kennis geneem van die volgende hartseergebeure:
· Bianca Potgieter (gr. 8) se ouma is oorlede

Ons troos en simpatie met hierdie gesin en hul naasbestaandes.

Ter afsluiting, in aansluiting by my gedagte oor sukses van verlede week, die volgende:

"Sukses ry nie hysbak nie. Dit klim trappe, want trappeklim is noodsaaklik om ons bene sterk te maak vir die steiltes wat sukses inhou. Daar is geen maklike en vinnige pad na 'n suksesvolle lewe nie. Dis 'n steil, opdraande roete met gereelde hindernisse wat oorkom moet word. Dit beteken om aanhoudend hard te werk, elke dag jou beste te gee en voortdurend die ekstra myl te loop".

– Milanie Vosloo

Vriendelike groete

M.S. SCHUTTE
HOOF

WISKUNDE EKSTRA KLASSE vir graad 8

Die klasse is op Woensdae vanaf 14:10 tot 15:00 in B3. Kom doen lekker hersiening voor die eksamen begin!



DANKIE VAN DIE SENIOR VLR 2011/2012

Baie dankie aan elke Florrie-gesin wat 'n bydrae gelewer het tot die fondsinsameling vir Louise de Waal se begrafnisonkostes. Ons het R2050.00 aan die gesin oorhandig. Elke sent word opreg waardeer.

TOASTMASTERS 2011

Verlede week (11 – 13 Oktober) is die jaarlikse Toastmasters Jeugleierskapkursus by ons skool aangebied deur mnr. Fritz Duminy. Die kursus is deur 15 leerders bygewoon. Die leerders het hulle almal uitstekend van hul taak gekwyt.

Die volgende leerders het eerste plekke behaal in hul onderskeie kategorieë:

- Beste impromptu spreker: Rohan van der Merwe
- Beste voorbereide spreker: Jaco-Maartin Pieterse
- Beste evalueerder: Markus Janse van Rensburg
- Algehele wenner: Markus Janse van Rensburg

Deelnemers:

Jaco-Maartin Pieterse gr. 10
Markus Janse van Rensburg gr. 11
Rohan van der Merwe gr. 11
Willem Maritz gr. 10
Pieter van der Merwe gr. 9
Alicia Potgieter gr. 10
Melissa Taljaard gr. 11
Alecia Roome gr. 10
Elizka Ivey gr. 9
Jancke Moeken gr. 9
Mackie Steyn gr. 8
Karien van Biljon gr. 11
Rickus Kruger gr. 11
Carmi Steyn gr. 9
Werner Labuschagne gr. 9

TOP 20 ATLETIEKUITSLAE

Die beste uitslae behaal tydens die Top 20-byeenkoms te Naboomspruit is soos volg:

Naam	Item	Afstand Tyd	Plek Behaal	ABSA-Punte
Elizabith Loots	Diskus	32.88	3	875
Stefani van Niekerk	200m	26.89	6	801
	Verspring	4.98	2	854
Minette vd Westhuizen	800m	2:20:12	3	845
	1500m	4:50:89	2	834
Monique van Vuuren	Verspring	5.34	2	846
Juan Basson	Diskus	38.71	9	860
Andre Bezuidenhout	Diskus	38.14	10	844
Byron Olkers	100m	11.47	12	957
	200m	24.30	14	914
Justin Bhana	100m	10.62	1	1092
	200m	22.14	1	1019
Ralton October	100m	11.00	9	983
	200m	23.76	13	827
Andy Venter	100m	10.92	4	1003
	100m hekkies	13.65	5	924
Gihard Visagie	Diskus	50.88	4	1026
Marco Fick	Hoogspring	1.80	7	849

MATRIEKREüNIES

Die 1964-matriekgroep beplan 'n 50-jaar reünie vir 2014.
Stuur asseblief kontakbesonderhede aan Schalk van Vuuren,
044 695 2138 (T/F) / 083 628 7900 / wilmarcor@telkomsa.net.

RESTAURANTKOMPLEKS VIR FUNKSIES

Hoërskool Florida se restaurantkompleks is oop vir besprekings: kinder-, tiener-, 21ste-, verjaarsdag- en huweliksherdenkingspartytjies. Konferensiegeriewe beskikbaar. Huweliksonthale. Enige groot of klein funksie. Ons verskaf die onthaalarea en professionele spyseniering teen baie billike tariewe. Skakel onverwyld met ***Len Ambrosius by 082 714 6676***

FLORRIES Webwerf: www.florries.co.za

Gaan kyk na die tuisblad regs onder:
"Poslys". Maak seker dat jy en jou ouers
hier registreer om die Florrie Fokus-
inligting per e-pos te ontvang.

BELANGRIKE DATUMS: 28 OKTOBER TOT 3 NOVEMBER 2011

Vr	28 Okt	Gholfdag Atletiek – Kempton Park
Do	3 Nov	Kooroefening

Gedagte vir die Week

Prestasie, eer, sukses. Op hul eie waarborg nie een geluk nie. Ons moet ons kinders eerder met Paulus se woorde aanmoedig: "Ek bid dat julle liefde al hoe meer sal toeneem… sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom".

KILOKOR MOTORS

32 & 34 Main Rd, Newlands, Johannesburg

Koop of huur by my 'n motor en kry 'n R500 donasie vir jou skool of jou sportspan

Tel: 011 673 6770
Fax to Email: 086 530 9261
www.kilokor.co.za
Cell: 083 294 4304
Email: carel@kilokor.co.za

**48 Maande Huurkontrak*

Is jy gelys op ITC?
Kontak my
CAREL VOLSCHENK

Green Chameleon Toys & Party Creations

Party Hire
Toys
Beads
Function co-ordinators
Theme Parties

Ilse 079 422 6399

Hardware Paint Waterproofing Plumbing Electrical

King's Paint & Hardware

Clarence Slatter 082 712 5838
Florida Junction (011) 672 6205

K 5 3

G.P.A. Qualified

AGAPÉ

- Driver Training -

PROFESSIONAL K53 Training

Learners Licenses & Drivers Licenses

DEON 082 348 2145

BRIXTON LODGE No. 982 S.C. PRESENTS

Marang House

Rollicking Saturday Lunch

Saturday 5th November 2011 @ 4pm

Rumours Pub, Weltevreden Park

Supporting Marang House, Home for Seriously Ill Children

Come join us for an exciting afternoon of entertainment & good food on Guy Fawkes eve

With comedian **Chris Forrest**, awesome **Live Music** by **"Permanent Vacation"** and a **tasty spit braai** for lunch; helping Marang House is easy!

Tickets R150 per person, call **083 395 0778** for more info.

Deposits to: **Standard Bank**, Acc: **225 002 434**, Branch: **009 953**, Reference: Your Name

SMS proof to: **082 896 0555** and contact **083 395 0778** for your ticket

If you pay by cash or funds transfer your ticket will be SMSed to you

Easy to get to: Shop 20 Palm Court, Cornelius Street, Weltevreden Park, just off the N1

Pamper Girlz

nail & beauty salon

Matriek Afskeid

"Special"

Make up

Pedicure

Nails

Eyebrow shape

Pedicures - Manicures - Waxing - facials - Eyebrow tint

193 Ontdekkers Rd

Horizon

072 795 9787

CAR KING

MORE THAN 100 CARS TO CHOOSE FROM.

116 Main road, Newlands
Geely JHB West
LC Hatch from R84 900.00
Rent to own and second hand vehicles
For more info contact:
Zander 076 299 1930 I Morné 082 718 7871

CUPCAKE – JUNKIES
www.cupcake-junkies.co.za
ilse@cupcake-junkies.co.za
ILSE 079 422 6399
SANDRA 072 956 1129

Educational Psychologist
0292524

Philanda Dennyschen
084 588 8752
philandak@hotmail.com

EXPLORE PROPERTIES
Experience Excellence

Estelle Schutte
(B.Sc, NHED, CEA, CRS)
OWNER / PRINCIPAL

Cell: 082 460 6864
Hotline: 084 397 5673
Email: stelle@netactive.co.za

FLORIDA – R659 000: Simplex eenheid met 2 slaapkamers, 2 badkamers, 2 ontvangs areas, studeer kamer, 1 motorhuis, elektriese hekke.	**WITPOORTJIE & UITBR. – R795 000:** 'N UITSTEKENDE WONING met 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 2 badkamers, 3 leefareas, pragtige kombuis, 1 motorhuis, swembad, Elektriese hekke, alarm stelsel.	**HAMBERG – R780 000:** Perfekte huis met lapa en ingeboude braai bied 3 slaapkamers, 1 badkamer, 2 leefareas, groot kombuis. swembad. Elektriese hekke, alarm stelsel.	**FLORIDA PARK – R1 695 000:** Ongelooflikke huis met 3 slaapkamers, 2 badkamers, 3 ontvangs areas, studeer kamer, kombuis met opwas kamer, 2 motorhuise, 2 afdakke, bediende kwartiere met bad en buite toilet, Topaz swembad, sekuriteits hekke, alarm stelsel.
LINDHAVEN– R499 000: Pragtige woonstel met 3 slaapkamers, 1 Badkamer, 1 op plan leefarea, kombuis, 2 afdakke, sekuriteits hekke, alarm stelsel.	**HORISON VIEW – R595 000:** Pragtige grond vloer woonstel bied 2 slaapkamers, 1 badkamer, 1 leefarea, kombuis, 1 motorhuis.	**DISCOVERY – R1 200 000:** Pragtige woning met 4 slaapkamers, 2 badkamers, 4 leefareas, studeer kamer, oop plan kombuis, 1 motorhuise, 3 motor afdakke, bediende kwartiere met badkamer en buite toilet, potesiaal Vir tuin woonstel, swembad met veiligheids net, boorgat, sekuriteits hekke.	**GEORGINIA – R698 000:** Eiendom op bus roete na Florida en skole bied 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 1 badkamer, 2 leefareas, kombuis, 1 motorhuis, 1 motor afdak, sekuriteits hekke.
FLORIDA – R560 000 Duplex Meenthuis loop afstand van Florida besigheids gebied. Bied 3 slaapkamers,2 badkamers, gaste toilet, sitkamer, eetkamer, kombuis, Privaat tuin, sekuriteits hekke, parkering, Sekuriteitswag by hoof ingang.	**DISCOVERY EXT 10 – R1 380 000:** Grasdak woning met 3 slaapkamers, 2 badkamers, sitkamer, eetkamer en tv kamer, studeer kamer, Kombuis, 2 motor huise, 2 afdakke, bediende kwartiere, buite toilet, Verhitte swembad, Sekuriteits hekke, alarm stelsel.	**DISCOVERY – R945 000:** Noord aansig woonhuis met 3 slaapkamers, 1,5 badkamers, 4 leefareas, studeer kamer, kombuis, 1 motorhuis, 3 afdakke, buite toilet, elektriese hekke, alarm stelsel.	**HAMBERG – R460 000:** Pragtige woonstel in veilige kompleks Bied 2 slaapkamers, 1 badkamer, sit en eetkamer, pragtige kombuis,onderdak parkering. Swembad in kompleks, Pragtige en netjiese kompleks.

www.explorepropertes.co.za

Service Excellence • Integrity • Loyalty